

PERSPEKTIEF:

Beesproduksie op Suider-Afrika-plase in enige omgewing

deel
1



Daar is baie faktore wat 'n invloed op die aard van beesboerdery in Suid-Afrika het. Die verskillende streke in die land verskil baie ten opsigte van reënval, grondtipe, bosindringing, veldtipe, drakrag, topografie, bosluissiektes, veldbrande, temperature en die voorkoms van plae soos sprinkane en kommandowurms. Die prys van grond, die risiko van veldbrande, veediefstal en die afstand na markte is ook ter sake. Die meeste van dié faktore kan nie beheer word nie, maar niks verhinder kommersiële beesboere in enige beesboerderygebied van die land om doeltreffend en hopelik winsgewend te boer nie – mits hulle die regte bestuursteppe neem.

DIE ROOIVLEISBEDRYF funksioneer baie goed met betrekking tot bemarking, toegang tot veeveilings en abattoirs in alle dele van die land, en goeie beheer oor veesiektes en veeartsenydienste. Die aantal kommersiële beesboere kan enigiets tussen 15 000 en 20 000 wees wat op duisende plase dwarsoor Suider-Afrika met ongeveer 7 miljoen kommersiële en stoetbeeste boer.

Ongelukkig moet bygevoeg word dat daar sekerlik honderde beesplase is waar die droogte oor die afgelope jare uitmergelend was en kudde weer van onder af opgebou moet word.

Dit alles is genoeg om perspektief te gee op die groter prentjie van beesboerdery in die Suider-Afrikaanse konteks. Die probleem wanneer ons oor beesproduksie en produksiestelsels op plase besin, is die geweldige verskeidenheid beesboerderye in hierdie streek. Op hierdie vlak word die sukses of mislukking van 'n beesboerdery bepaal, want alles is nou in die hande van die bestuurder, en daar bestaan geen algemeen geldende resepte nie.

Die wonder van beeste en beeskuddes

Dit spreek vanself dat beeste herkouers is wat bedoel is om op die veld te lewe en sodoende die gesogste kwaliteit rooivleisprodukt te produseer. Maar beeste is baie meer as net dit. Beeste is wonderdiere. Hulle beskik

oor natuurlike lewensfunksies wat, as dit reg bestuur word binne kuddeverband in 'n volhoubare produksiestelsel, winsgewend aangewend kan word met min kunsmatighede.

Daar bestaan baie groot uitdagings en geleenthede om beeskuddes ekstensief te benut binne die raamwerk van hul potensiaal enersyds en dit wat die verbruiker graag wil hê andersyds. Daar is baie opsies met betrekking tot die ideale bees en die ideale stelsel vir 'n spesifieke plaas. Die punt is dat verbruikers oor die hele wêreld reeds lankal 'n keuse gemaak ten gunste van natuurlike beesvleis. Dit is dus net vir beesprodusente om te besluit of hulle belangstel om veldvleis te lewer of nie.

Hoewel weiveldbestuur en raskeuses vir baie boere 'n baie belangrike saak in beesboerdery is, gaan dit nie nou hier aandag kry nie omdat hierdie artikels fokus op die bees en sy funksies soos dit hier gedefinieer word:

Beesboerdery is 'n landboukundige besigheid wat in 'n stelsel van volhoubare veld- en beesproduksie funksioneer met die doel om natuurlike rooivleis van gehalte te lewer.

Soos in die geval van alle landboubedrywe is bona fide beesboere daarop aangewese om dit wat hulle produseer te verkoop om van te lewe. Dit vereis verder dat die onderneming winste moet genereer om te

kan voortbestaan. Sonder wins kan daar nie 'n beesboerdery wees nie. Die begin van 'n suksesvolle boerdery is dat boere seker moet maak dat hulle al die praktyke waaroor hulle beheer het, reg en goed uitvoer. Identifikasie, kastrasie, onthoorning, brandkodes en dekseisoene is aspekte waaroor nie getwyfel moet word nie.

Beesproduksie vind plaas binne kuddeverband en die produksiefaktor is lewende massa. Die kudde bestaan gewoonlik uit vier beesklasse, naamlik koeie, kalwers, jongbees en stoorbees (of slagbees). Doeltreffendheid en winsgewendheid op 'n beesplaas is 'n funksie van bestuur van die beeskudde en gebeur nie vanself nie.

Dit beteken ook om die kudde in 'n stelsel te bestuur met 'n spesifieke doel, sonder onnodige kunsmatighede.

Sonder 'n stelsel en sonder 'n doel, is daar geen biologiese en ekonomiese produksietekens om te bereik nie en kan doeltreffendheid nie gemeet word nie.

Daarom moet gesê word dat 'n mooi beeskudde van enige ras wat oor jare opgebou is, nog geen waarborg bied dat dit doeltreffend is nie.

'n Mens kan bulle van alle soorte rasse met die beste teelwaardes gebruik vir swaar speenkalwers, maar steeds is dit geen waarborg dat dit die beste kudde-opbrengs of die goedkoopste produksie gaan lewer nie. Aangeplante weidings of multikampstelsels of ultradrukbeewiding kan bydra tot groter vertikale produksie, maar dis ook geen waarborg vir groter doeltreffendheid van die kudde nie. Bestuur en nogmaals bestuur is



die enigste manier waarop beesboerdery doeltreffend en hopelik winsgewend gemaak kan word. Om dit reg te kry, moet ons seker maak dat ons goed ingelig is oor hoe 'n beeskudde funksioneer sodat ons nie onrealistiese verwagtinge koester nie.

Beheer oor die beeskudde en sy produksie

Elke beesplaas het 'n bepaalde drakapasiteit wat bereken word as kilogram belading per hektaar. Binne hierdie norm moet die volgende aspekte in ag geneem word:

- ▶ 'n Beeskudde bestaan uit **klasse**, soos koeie, kalwers (< 12 maande), jongbees (12-24 maande), stoorbees (24-36 maande) en enige ander klas soos nodig mag wees; daar moet rekord gehou word van die aantal in elke klas, want daaruit word die kudde se beplanning vir elke seisoen/jaar gedoen.
- ▶ Beesklasse beskik oor **lewensfunksies** (groei, reproduksie, laktasie en vetmesting) wat die klasse vergroot en/of laat toeneem in massa en die kudde in die geheel laat produseer; 'n beeskudde se produksie is dus afhanklik van lewensfunksies en nie van sogenaamde produksie-eienskappe nie.
- ▶ Die produksie van 'n beeskudde is dus 'n **proses** van aanhoudende massatoename en waardevermeerding (bv. 0,3 kg per beeseenheid/dag); aan die einde van elke jaarperiode kan al die data van metings verwerk word om te bepaal hoe goed of hoe swak die kudde geprester het in vergelyking met ander jare.
- ▶ Die klasse van 'n kudde word **ewe veel** bevoordeel of benadeel deur omstandighede, omdat daar altyd 'n **balans** in die prestasie van die klasse in 'n kudde is; byvoorbeeld as die groei van jongbeeste in die kudde swak is, sal die kalpersentasie en die gewig van die stoorbeeste ook swak wees, want dis die gevolg van voeding.
- ▶ Daar is twee soorte **siklusse** in die kudde: die eerste een is die reproduksiesiklus waar vervangingsverse jaarliks in die koeiklas opgeneem word in die plek van uitskotkoeie wat vetgemes en geslag moet word.

- ▶ Die **tweede siklus** is die proses van slagbeesbemarking van die stoorbees voor hulle 36 maande oud is, tesame met die uitskotkoeie uit die koeiklas; die ideaal is om te beplan dat die aantal kalwers wat gebore word ooreenstem met die aantal beeste wat elke jaar bemark word om te verseker dat die kudde se getalle konstant/volhoubaar bly. 'n Gevestigde kudde sal ewe veel osse en vroulike diere bemark.

Ons moet dus 'n beeskudde sien vir wat dit is.

Die koeiklas is 'n vaste eenheid op die plaas wat jaarliks 'n groep kalwers produseer en lakteer totdat hulle gespeen word. Vanaf een-jaar ouderdom word kalwers as jongbeeste beskou tot op twee jaar ouderdom, wanneer hulle stoorbeeste word. Vervangingsverse word jaarliks uit die stoorbeesgroep onttrek om die uitskot te vervang. Die stoorbeeste groei en moet vet word sodat dit as slagbeeste bemark kan word voor die ouderdom van drie jaar. Op dié wyse is alle prosesse in 'n beeskudde oor 12 maande voltooi en die kudde is gereed om die volgende siklus te herhaal.

In deel 2 word die doeltreffendheid en waardevermeerding van 'n beesproduksiestelsel in meer detail bespreek, en gevolgtrekkings word aangebied. **R**

